4

# Individuele en gesamentlike regte
## in openbare gesondheid

Toegang tot inligting




laat jou regte vir jou werk

dit is werd om voor te veg

staan bankvas en sterk

Goeie gesondheid is jou reg

BY NC SA

# Wat is individuele en gesamentlike menseregte?

- **Individuele regte beskerm een persoon.**
- **Gesamentlike regte beskerm ’n groep mense.**

**Al die mense in die wagkamer het die reg dat hulle gesondheid versorg word. En almal wil so gou moontlik behandel word. Almal kan egter nie tegelyk behandel word nie. Die beleid van ’n hospitaal en ’n kliniek beskerm die gesamentlike regte van alle mense. Soms kan ’n openbare beleid een mens se regte beperk, en eerder sorg dat daar aan die regte van ’n groep mense voldoen word.**



# Wat maak jy as mense as groep se reg op gesondheidsorg geskend word?

*Groepe mense of gemeenskappe kan saam 'n behoefte en 'n probleem hê. Pasiënte met MIV het byvoorbeeld nie altyd toegang tot sekere medisyne wat hulle moet drink nie. In sulke gevalle behoort die mense saam te staan. Hulle moet 'n groep vorm en 'n manier vind om die regering te dwing om aan hulle behoeftes te voorsien. Hulle kan byvoorbeeld 'n vergadering hou saam met die forum wat sake oor die gemeenskap se gesondheidsorg hanteer. As die forum niks aan die probleem doen nie, kan die mense 'n klagte by die bestuur van die kliniek of hospitaal indien. Hulle is die mense wat die probleem kan hanteer en aan die groep terugvoer kan gee. As jy enige probleme ondervind of nog inligting nodig het, skakel asseblief enige van die nommers in die inligtingblok.*

## Hoekom moet jy oor 'n openbare beleid kla as dit jou regte as individu skend?

Nog 'n manier waarop jou menseregte vir jou kan werk, is deur die situasie te probeer verander wanneer 'n beleid nie mense se regte bevorder nie. Dit sal meebring dat daar beter in die regte van pasiënte voorsien kan word. Jy het die reg om vrae te vra oor 'n openbare beleid wat 'n invloed het op jou gesondheid of jou reg op gesondheidsorg. As jy 'n klagte het, kan jy daaroor gaan praat met die forum van die plek wat die gesondheidsorg bied of met die hospitaalraad. Deur saam te werk kan jy help vasstel wat die probleem is, en maniere vind om dit op te los. As jy stilbly, gaan hulle nooit van die probleem weet nie. En dan sal daar ook niks aan die probleme gedoen word nie omdat niemand kla nie.

Wanneer iemand se regte geskend word, moet hy of sy ook in 'n mate vergoed word. Menseregte stel ons daarom in staat om "in te gryp" – om die wêreld waarin ons leef te verstaan, en op te tree om verkeerde gebruike te verander. Tog is dit ook belangrik dat die gemeenskap sal begryp watter probleme die bestuur van 'n hospitaal en kliniek ondervind om die regte prosedure te volg. Jy kan byvoorbeeld dalk dink jou reg op gesondheid is misken omdat jy na 'n ander hospitaal gestuur is sodat jy daar behandel kan word. As jy egter met die personeel van 'n plek waar gesondheidsorg aangebied word daaroor sou gesels, kan hulle aan jou verduidelik dat sekere soorte gesondheidsorg net by sekere plekke aangebied word.

## Praat – en kry duidelikheid oor jou behoeftes as individu en die behoeftes van die groep

Wanneer lede van die publiek besef dat hulle as gemeenskap 'n probleem of 'n behoefte het, is dit goed om bymekaar te kom. Dan kan julle saam daardie probleem of behoefte probeer oplos. Groepe het gewoonlik 'n sterker invloed as individue. As jou dokter jou byvoorbeeld nie met respek hanteer nie en jy wil daaroor kla, kan jy dit as 'n individu doen. Maar dalk het ander mense dieselfde ervaar. Praat eers met ander daaroor. Vorm dan 'n groep mense wat dieselfde klagte het.




## Gebrek aan kos is óók 'n skending van jou reg op gesondheid!




Mense het kos nodig om gesonder te wees en gesond te bly . Baie mense in dieselfde gemeenskap ly aan wanvoeding omdat daar te min kos is. Sonder kos in jou maag kan jy nie medisyne drink nie. Sonder kos in jou maag kan jy nie goed voel nie. Sonder kos in jou maag kan jy nie oorleef nie. Julle kan as 'n gemeenskap saamstaan en 'n brief aan die regering stuur waarin julle hulle versoek dat:

- alle mense 'n basiese toelae as inkomste sal ontvang
- hulle basiese dienste en kospakkies gratis sal voorsien.

## Hoe kan jy kla as jy nie jou regte ken en verstaan nie?

Jy word nie goed behandel nie. Jy dink iemand of die hospitaal skend jou regte. Die beste ding om te doen is om kalm en beleefd met die betrokke gesondheidswerker(s) te praat. Skakel dan ook enige van die nommers in die inligtingblok. Só sal jy kan uitvind of jou regte geskend is of nie. Dan kan jy volgens hierdie inligting optree. Jy mág vir jouself opstaan, selfs al is jy nie noodwendig reg nie.

## Wat moet jy doen as jou regte by 'n hospitaal of kliniek geskend word?

Wanneer jy as pasiënt gaan na 'n openbare plek waar gesondheidsorg aangebied word, het jy sekere regte en verantwoordelikhede. (Lees weer pamflet 3: Die regte van pasiënte.)

As jy voel jy word nie met respek behandel nie, skakel asseblief enige van die nommers in die inligtingsblok.

laat jou regte vir jou werk · dit is werd om voor te veg · Staan bankvas en sterk

Goeie gesondheid is jou reg

BY NC SA

Kontakbesonderhede vir meer inligting:

**The People's Health Movement**
Tel.: 021 9326042
Faks: 021 9327707
Url: www.phmovementsa.org
E-pos: PHMsouthafrica@gmail.com

**Open Democracy Advice Centre**

| | |
|---|---|
| Fisiese Adres: | 6 Spin straat, Kaapstad |
| Tel.: | +27 21 467 5673 |
| Faks: | +27 21 461 2814 |
| E-pos: | odac@opendemocracy.org.za |


1. Die reg op gesondheid
2. Gemeenskapsbetrokkenheid en die reg op gesondheid
3. Die Handves van Pasiënteregte
4. **Individuele en gesamentlike regte in openbare gesondheid**
5. Toegang tot inligting, en die reg op gesondheid en gesondheidsorg
6. Regte en hulpbrontoekenning

People's Health Movement    UNIVERSITY OF CAPE TOWN    Oxfam

Ontwerp en uitleg deur Designs4development, e-pos: info@d4d.co.za